# VOORSIENIGHEID, PERSOONLIKHEID EN SPIRITUALITEIT — ’N VIER-KANTIGE VOORSIENIGHEIDSLEER

F.B. Doubell[1]

## ABSTRACT

## PROVIDENCE, PERSONALITY AND SPIRITUALITY — A FOUR-SIDED DOCTRINE OF PROVIDENCE

This article focuses on the problem of the doctrine of providence, namely that God’s goodness and his almighty power are not understandable in the light of the pain and suffering in this world. It suggests that the different answers that theologians give to this problem are related to their personalities and their spirituality. With the help of the Myers-Briggs-Type-Indicator the article indicates how the four different human functions and the preferences people have for a specific function are related to the different answers to the problem of the doctrine of providence. The article also examines the preferences pointed out in the Gospels concerning the life of Jesus Christ. It is suggested that He functioned in all four preferences. Therefore the conclusion is drawn that we should look at the doctrine of providence through the eyes of all four human functional preferences in order to arrive at a four-sided doctrine of providence.

> Die vrae waaroor dit in die voorsienigheidsleer gaan, is van die heel moeilikstes waarmee ’n mens hom kan besig hou (Potgieter 1998: 17).

## 1. INLEIDING

Drie aspekte binne die voorsienigheidsleer kan gewoon nie rasioneel met mekaar in verband gebring word nie. Dit is die almag van God, sy goedheid en die skadukante van die werklikheid waarin ons ons daagliks bevind. Die klassieke verstaan van God se almag behels dat Hy tot alles en enigiets in staat is. God se goedheid impliseer dat Hy net die beste vir die mens wil. Indien God tot alles in staat is en indien Hy net die goeie wil, maak dit nie sin waarom Hy die skadukante van die werklikheid in ons wêreld duld nie.

1 Dr. F. B. Doubell, Departement Dogmatologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein; en leraar van die N.G. Gemeente Waterbron.

Geslagte lank word hierdie vraag deur teoloë, maar ook deur gewone gelowiges gevra. Dit is ook nie 'n vraag wat net tot die Christendom beperk is nie. Dit is 'n universele vraag wat in elke godsdiens na vore kom. Skertsend word daar soms na Dogmatiek verwys as die vakgebied wat hom besig hou met vrae wat niemand meer vra nie. Hierdie vraag tel egter beslis nie daaronder nie.

Oor die geldigheid van die vraag is daar geen twyfel nie en teoloë vanuit alle teologiese strome en kampe erken die aktualiteit, dringendheid en omvang van die probleem. Die verskille tussen teoloë lê dus by hierdie punt nie soos by sommige ander vrae in die teologie by die vraag nie, maar by die antwoord op die vraag. Die teodisee, pogings om die voorsienigheidsleer te regverdig in die lig van die skadukante van die werklikheid, beslaan reeds bykans 'n eie hoofstuk in die dogmatiek.

Hierdie artikel wil nie soseer ingaan op die verskeie moontlike antwoorde op bogenoemde probleem nie; dit wil ook nie 'n eietydse antwoord op die probleem bied nie. In hierdie artikel kom 'n tweede vraag ter sprake, naamlik die vraag na die verband tussen voorsienigheid, persoonlikheid en spiritualiteit. Dit gaan hier oor die moontlikheid dat die antwoorde wat teoloë op die probleem in die voorsienigheidsleer bied, meer sê oor hulle eie persoonlikheid en spiritualiteit as wat dit ons met die probleem van die voorsienigheidsleer help.

## 2. ANTWOORDE OP DIE PROBLEEM IN DIE VOORSIENIGHEIDSLEER

Dit sou onmoontlik wees om binne die bestek van hierdie artikel te kyk na 'n te groot verskeidenheid van teologiese modelle wat 'n antwoord op die voorsienigheidsprobleem bied. Myns insiens funksioneer veral vier teologiese modelle sterk in die huidige konteks van Suid-Afrika. Dit is die klassieke gereformeerde model, die charismatiese model, die modernistiese model en die model vanuit die bevrydingsteologie. Hierby sou 'n mens waarskynlik ook die postmodernistiese model kon tel, maar die postmodernistiese model is nog nie werklik uitgeklaar nie. Uiteraard sou dit simplisties wees om te beweer dat bogenoemde vier modelle telkens dieselfde lyk. Daar bestaan byvoorbeeld nie net een modernistiese model nie, maar talle modernistiese modelle. Vir die doel van hierdie artikel is bogenoemde indeling egter voldoende. Die volgende (moontlike?) antwoorde word uit bogenoemde modelle voorgestel:

## 2.1 Vanuit die klassieke gereformeerde model

Vanuit die Reformasie is dit veral Calvyn se denke wat aandag trek. Calvyn lê bykans oordrewe klem op die almag en albestuur van God. Elke gebeurtenis op aarde kan herlei word na God se wilsuitinge. God stuur die wêreld presies na dit wat Hy vir die wêreld wil. Dit beteken dat terme soos medewerking (wat leer dat die mens tog 'n mate van vryheid in die keuse van sy handelinge het) en toelating (wat leer dat God sekere gebeurtenisse toelaat hoewel Hy hulle nie self sou gekies het nie) nie positief in Calvyn se denke oor die voorsienigheid funksioneer nie. (Sien Calvyn 1984:302-316; Durand 1981:63-67; König 2002:64-77.) Die voorsienigheidsprobleem word hierdeur glad nie opgelos nie. Die oorsprong van die skadukante in ons werklikheid word hierdeur volledig op die rekening van God geplaas en dit het verreikende gevolge vir die verstaan van God se goedheid. Dit het ook gevolge vir die verstaan van die mens se skuld by sy eie sondigheid. Indien God alles voorbeskik het, maak dit nie sin dat die mens skuldig staan oor dade wat hy self nie kon keer nie.

Hierdie konsekwensies van Calvyn se denke word egter nie deur hom getrek nie. Hy sê eksplisiet dat die voorsienigheid van God nie beteken dat die mens geen verantwoordelikheid vir sy dade moet neem nie. Hy ontken ook nie die goedheid van God nie. Hy wys juis daarop dat die mens gelowig moet aanvaar dat die skadukante van ons bestaan vir ons goed is omdat dit van God kom. Hy ontken verder dat God daardeur die sonde self veroorsaak het. Hy redeneer vanuit die Skrif dat God nie die oorsaak van die sonde kan wees nie (Calvyn 1984:317-348). Logies gesien stuit ons hier op 'n onverstaanbare teenstrydigheid en Calvyn bied nie 'n weg uit die teenstrydigheid nie. Hy staan daarby dat God alles deur sy almag en albestuur bepaal volgens sy wil en hy hou daaraan vas dat God goed is, net die beste vir ons wil en nie die oorsaak van die sonde is nie.

## 2.2 Vanuit die charismatiese model

Om van 'n charismatiese model te praat, is miskien meer problematies as by enige van die ander modelle wat hier genoem word. Daar is miljoene charismate, maar min teoloë onder hulle en onder die charismatiese teoloë maar bitter min van hulle wat hul gedagtes sistematies op skrif stel. Die verdere probleem is dat "charismaties" 'n bykans ondefinieerbare term is. Dit verwys na 'n oordrewe klem op die gawes van die Gees, Geesvervuldheid, begaafdheid, lewendigheid, entoesiasme, en 'n verskeidenheid van ander gedagtes. Die charismatiese beweging is slegs dertig jaar oud en dít maak dit nog moeiliker om te definieer. Laastens kan charismaties na gere-

formeerde, Rooms-Katolieke, evangeliese, evangelikalistiese of pentakostalistiese charismatici verwys. Hoewel al hierdie struikelblokke 'n studie op sigself vereis, is daar tog 'n paar afleidings wat mens sou kon maak oor die voorsienigheidsleer vanuit 'n charismatiese model.

Drie sake kom algemeen onder die charismatiese beskouing van die voorsienigheidsleer ter sprake. Dit is 'n negatiwiteit jeens rasionalistiese teologie, 'n onderbeklemtoning van die gebrokenheid van die mens en 'n oorbeklemtoning van die emosionele karakter van die geloof. Dit lei tot 'n baie simplistiese beskouing van die voorsienigheidsprobleem. Eerstens beteken dit dat die rasionele problematiek in die voorsienigheidsleer nie behoorlik deurdink word nie. Daarom kom die vraag na die verhouding tussen God se goedheid, sy almag en die skadukante van die werklikheid gewoon nie ter sprake vanuit hierdie model nie. Tweedens word die probleem rondom die skadukante van die werklikheid gesoek by die mens se ongeloof. Die skadukante van die lewe is die direkte gevolg van sonde en ongeloof. Die mag om hierdie skadukante weg te neem, lê dus in die hande van die mens. Die argument is gewoon dat die skadukante van ons bestaan sal verdwyn indien die mens homself bekeer en werklik tot geloof kom. Dit kom neer op niks anders as 'n vorm van voorspoedsteologie nie. Derdens word die oplossing vir die probleem op 'n emosionele wyse gedryf. Indien mense emosioneel opgewek word om tot bekering te kom, werklik te glo en sukses van God te eis, sal die skadukante soos mis voor die son verdwyn en sal gelowiges 'n hemel op aarde beleef. (Sien MacArthur 1992:342-353, Theron 1998:191-201 en Floor 1993:294-306.)

## 2.3 Vanuit die modernistiese model

Die modernisme plaas 'n oordrewe klem op bewysbaarheid, rasionaliteit en tasbare wetenskaplike bevindings. Vanuit hierdie model maak dit dus sin dat die voorsienigheidsprobleem rasioneel verstaanbaar, verklaarbaar en bewysbaar hanteer moet word. Soos reeds gesien, is die probleem met die voorsienigheidsleer juis rasioneel van aard. God se goedheid, sy almag en die skadukante van die werklikheid kan juis nie rasioneel met mekaar in verband gebring word nie. Daarom volg dit noodwendig dat 'n modernistiese model óf die goedheid óf die almag van God moet laat vaar. In die geskiedenis van moderne teologie kom albei moontlikhede na vore.

H. Berkhof kan as voorbeeld geld van moderne teoloë wat die almag van God betwyfel. Vir Berkhof staan God nie staties vas as die Almagtige wat alles vooruit bepaal nie, maar as die Weerlose Oormag wat deurgaans met sy verbondspartner (die mens) op weg is. Die mens as verbondspartner van God is alewig besig om die skepping ten gronde te laat gaan, maar God on-

derhou die skepping sodat dit nie totaal vernietig word nie. Hierin bepaal God nie alles vooruit nie, Hy staan eerder telkens gereed om te sorg dat dinge nie te ver gaan nie. Hy gryp telkens net-net betyds in voor alles heeltemal ineenstort. Hiermee kies Berkhof 'n model waarin God 'n bykans eindelose speelruimte vir die mens bied. Hierdie speelruimte is so groot dat daar selfs ruimte vir die noodlot en die toeval is. God se vrymag lyk soos 'n baie wye sirkel wat ver rondom die mens se vrye speelruimte getrek word. Die mens besluit en tree binne hierdie speelruimte in vryheid op, maar die sirkel van God se vrymag bepaal dat hierdie vryheid nie lei tot die totale vernietiging van die werklikheid nie. Die mens tree in hierdie vryheid deurgaans teen die wil van God op. Die hoogtepunt van hierdie weerstand teen God vind ons by die kruis. Wanneer dit by die kruis egter lyk of God se afwesigheid en die mens se weerstand op sy hoogste is, is God se teenwoordigheid en sy bewarende hand ook die duidelikste sigbaar (Berkhof 1973:223-233). Berkhof se model los die voorsienigheidsprobleem rasioneel op. Dit verklaar God se goedheid, sy mag en die skadukante van die werklikheid, maar daarvoor boet hy die almag van God duidelik in.

H.M. Kuitert is 'n goeie voorbeeld van moderne teoloë wat die goedheid van God betwyfel. In sy hantering van die voorsienigheidsprobleem reken hy dat 'n God wat nie almagtig is nie, nie meer God is nie. Wat wil ons maak met 'n God wat nie kan help nie? So 'n God is vir hom soos 'n tandelose tier. Die gedagte van 'n weerlose God, 'n onmagtige God of 'n God wat nog op pad is om magtig te word, is vir hom onaanvaarbaar, want só 'n God kan vir ons niks beteken nie. Dit beteken egter nie dat Kuitert die wêreld sien as 'n poppeteater waarin God alles wat gebeur, vooruit bepaal nie. God is wel almagtig, maar Hy bied vir die mens 'n vrye keuse om te handel. Alles wat in die wêreld gebeur, is die gevolg van God en die mens se aksies en reaksies op mekaar, maar hierin is God almagtig en die mens nie. Die mens is God se medespeler in die wêreld, maar God kan as die sterker Speler toesien dat sy wil geskied. Kuitert verstaan dat baie van die skadukante in die werklikheid op die mens (as medespeler) se rekening tuishoort, maar wat van natuurrampe, ensovoorts? Ten slotte vind hy slegs een moontlike uitweg uit die probleem van die voorsienigheid en dit is dat ook die dinge wat ons as sleg beleef soms uit die hand van God kom. Daar is kwaad wat nie op die mens se rekening geplaas kan word nie, maar op die rekening van God. Op dié manier verklaar Kuitert die almag van God en die skadukante van die werklikheid, maar daarvoor boet hy God se goedheid in. (Vgl. Kuitert 1992:97-112.)

### 2.4 Vanuit die bevrydingsteologiese model

Die bevrydingsteologie is minder ingestel op ortodoksie en meer ingestel op ortopraksie. Vanuit dié perspektief word die skadukante van die werklikheid herdefinieer. Die kwaad is by uitstek strukturele kwaad en die oplossing lê daarin om hierdie strukture af te breek en teen te gaan. Hierin is God aan die kant van die verdrukte en dié wat die verdrukkende mag afbreek of teenstaan. Die afbreek van die strukturele kwaad mag nooit net lippetaal word nie; dit moet prakties en daadwerklik gebeur. Vanuit hierdie model lê God se voorsienigheid daarin dat Hy by diegene is wat teen onderdrukkende strukture, bestelle en ideologieë ingaan. Die kwaad staan op die rekening van die onderdrukker en sy onderdrukkende ideologie. God se goedheid word daarin gesien dat Hy hom aan die kant van die onderdrukte skaar (Heron 1980:160-168).

Bevrydingsteologie het sy oorsprong in die Roomse tradisie. Die sterk onderskeid tussen die sekulêre wêreld en die sakrale wêreld in die Roomse tradisie word deur die bevrydingsteologie bevraagteken. Die onderskeid tussen die sakrale verlossing van die kerk en die sekulêre verlossing van die wêreld moet deurbreek word om te ontsnap uit die dualisme wat dit veronderstel. Indien die kerk betrokke raak by die verlossing van die wêreld, word die kerk die religielose Christendom wat Bonhoeffer bepleit. So sluit bevrydingsteoloë vir hul eie gevoel aan by dit wat Paulus bedoel met die universele Heerskap van Christus (Gutiérrez 2001:97-100).

Op dié manier systap bevrydingsteologie die voorsienigheidsprobleem. Die kerk moet nie vra waar die almagtige God is in die skadukante van die werklikheid nie; die kerk moet daadwerklik betrokke raak om hierdie skadukante teen te werk en uit te roei. Die kerk moet hom nie besighou met die korrekte verstaan van die voorsienigheid nie, die kerk moet betrokke raak in die lyding en swaarkry van mense.

## 3. PERSOONLIKHEID

Die studie na die persoonlikheid van die mens is bykans so oud soos die wetenskap self. Reeds by die ou Griekse filosowe word daar pogings aangetref om mense se persoonlikhede te klassifiseer. In die moderne psigologie is dit 'n vakgebied op sy eie. Daar is beswaarlik eenstemmigheid oor die definisie van persoonlikheid, wat nog te sê van die klassifikasie van persoonlikhede (Moller 1987:2-14).

Dit verander egter niks aan die feit dat daar oor 'n breë spektrum vandag gebruik gemaak word van die sogenaamde *Myers-Briggs Type Indicator* (MBTI) om persoonlikhede te klassifiseer nie. Hierdie nuttige klassifikasie-

stelsel word in 'n verskeidenheid van sektore gebruik om persoonlikheid te klassifiseer, verskille tussen persoonlikhede te verstaan en strydpunte tussen mense op te klaar. Goldsmith noem dit die mees populêre metode om verskille tussen persoonlikhede te meet. Die MBTI is deur twee vroue, Katharine Briggs en haar dogter Isabel Myers ontwerp. Hulle het hul lewens daaraan gewy om verskillende tipes mense en hulle persoonlikhede te probeer verstaan. In 1923 is Carl Jung se boek *Psychological types* in Engels uitgegee en dit het vir hierdie twee vroue die teoretiese agtergrond gebied waarna hulle gesoek het. Hulle het Jung se teoretiese beginsels gebruik om 'n instrument daar te stel wat persoonlikheidstipes kan meet. Die instrument is eers in 1975 in die VSA gepubliseer, maar dit het baie gou gegroei tot die bekendste metode om persoonlikheid te meet (Goldsmith 1997:21-26).

Jung se teorieë en dus ook die MBTI klassifiseer persoonlikhede aan die hand van vier onderskeie asse, naamlik introversie/ekstroversie, sintuiglik/intuïtief, denkend/gevoelsmatig en waarneming/besluitneming. Die twee middelste asse, sintuiglik/intuïtief en denkend/gevoelsmatig, verwys na die vier belangrike menslike funksies. Die eerste twee, sintuiglik/intuïtief, verwys na die manier hoe die mens inligting in die werklikheid versamel, terwyl die volgende twee, denkende/gevoelsmatig, na die manier verwys waarop die mens tot 'n besluit kom. (Vgl. Kroeger & Thusen 1988:285-289; Goldsmith 1997:27-40.)

Dit val buite die bestek van hierdie artikel om op die teoretiese onderbou van hierdie klassifikasiestelsel in te gaan. Die belangrike waarna ons hier wil verwys, is dat die navorsing daarop dui dat daar veral vier belangrike menslike funksies bestaan en dat elke persoon 'n bepaalde voorkeur het vir watter menslike funksie hy/sy by uitstek in sy/haar waarneming en besluitneming gebruik. Verder dui die navorsing ook daarop dat elke mens 'n voorkeur het tussen waarneming en besluitneming. Dit kom dus daarop neer dat mense in die verstaan van die werklikheid veral in een van vier kategorieë val. Iemand het óf 'n sterk intuïtiewe, 'n sterk sintuiglike, 'n sterk gevoelsmatige óf 'n sterk denkende persoonlikheid waarmee hulle die werklikheid beskou en daaroor besluite neem. Dit is ook belangrik om te noem dat dit hier oor 'n voorkeur gaan. Elke mens beskik oor al vier menslike funksies, maar het 'n bepaalde voorkeur vir die volgorde waarin hulle hierdie vier menslike funksies gewoonlik inspan.

# 4. SPIRITUALITEIT

Spiritualiteit het in ons tyd 'n modewoord geword, maar dit moet ons nie daartoe lei om die geldigheid van verskille tussen spiritualiteite te ontken nie. Daar bestaan meer as een lys van verskillende spiritualiteite en dit maak dit soos in die geval van persoonlikheid moeilik om te besluit by watter klassifikasiestelsel 'n mens moet begin. Vir die doel van hierdie artikel maak ons egter gebruik van die verband wat sommige navorsers tussen persoonlikheidstipes en spiritualiteit aandui. In lyn met die bogenoemde vier persoonlikheidstipes kyk ons dus na vier verskillende spiritualiteitstipes. Veral die werk van M. Wharton en M. Goldsmith kan sinvol hiervoor benut word, maar in ons eie land het ook Malan Nel in die jongste tyd aan hierdie benadering aandag gegee. Dit sou sinvol wees om in 'n kort paragraaf te verduidelik hoe hierdie benadering spiritualiteitstipes van mekaar onderskei.

## 4.1 Die intuïtiewe spiritualiteit

Die intuïtiewe persoonlikheid beleef sy wêreld vanuit die verskillende moontlikhede wat sy verbeelding vir hom bied. Hierdie persoonlikheid is nie soseer ingestel op die huidige werklikheid nie, maar is ingestel op die moontlikhede van die toekoms. Dit bring dus 'n bepaalde spiritualiteitstipe na vore wat ingestel is op die komende koninkryk van God. God is die transendente wat op 'n ongelooflike manier betrokke is by hierdie wêreld. Dat die werklikheid soos ons dit sien nie heeltemal hiermee rym nie, is irrelevant. Die moontlikhede wat die toekoms bied en die komende Godsryk staan sentraal. Die hier en nou is vir die verbeeldinglose 'n probleem, maar vir die intuïtiewe persoonlikheid is dit 'n onbenullige detail teenoor die ongelooflike wat vir ons in die toekoms wag. Dit beteken nie dat 'n intuïtiewe spiritualiteit buite die werklikheid staan nie, dit wil juis die werklikheid bring tot by die moontlikhede wat in sy verbeelding afspeel. Elke onderafdeling van die wêreld is in God se hande, want by 'n intuïtiewe spiritualiteit is die geheel van belang. Daarom staan die koninkryksgedagte sentraal in hierdie tipe spiritualiteit. Intuïtiewes sien die kosmiese dimensies van geloof duidelik raak en hulle raak opgewonde oor die verskeidenheid wat die skepping bied. Hulle hou hulle oë op die toekoms en vandag met al sy pyn, lyding en onverstaanbaarheid is eintlik irrelevant (Goldsmith & Wharton 1993:161-163).

Mense wat die voorsienigheidsprobleem vanuit 'n voorkeur vir die intuïtiewe benader, verstaan iets van die kompleksiteit van die verhouding tussen God en die wêreld. Hulle sien die probleem raak sonder om die probleem te verhef tot die belangrikste aspek van die voorsienigheidsleer. Vir hulle staan die koninkryk van God sentraal en binne hierdie koninkryk is

daar baie onoplosbare vrae, probleme en onverstaanbaarhede. Daar is egter ook baie troos en bemoediging in die koninkryk van God. 'n Onverstaanbare God is vir hulle meer werd as 'n onmagtige of 'n slegte God. Daarom hou hulle vas aan die goedheid en die almag van God. Dat hierdie twee eienskappe van God nie altyd sigbaar is in die hier en nou van die wêreld nie, is vir hulle van minder belang, want hulle is ingestel op die moontlikhede van die toekoms.

## 4.2 Die sintuiglike spiritualiteit

Die sintuiglike persoonlikheid is presies die teenoorgestelde van die intuïtiewe. Dit is 'n persoonlikheid wat ingestel is op die hier en nou. Die lewe word deur middel van die sintuie waargeneem en verstaan. Hierdie tipe spiritualiteit wil sien, hoor, voel en proe wat godsdiens vir hulle beteken. Goldsmith toon aan dat 75% van die wêreld se mense na raming eerder sintuiglik as intuïtief ingestel is, maar dat slegs een derde van hulle in kerke kom (1997:57). Dit is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die kerk nie genoeg ingestel is op die tasbare probleme van hier en nou nie. Die sintuiglike spiritualiteit is nie soseer ingestel op abstrakte teorieë en formulerings nie, maar op tasbare handeling. Sigbare simbole, hoorbare musiek en tasbare beelde is vir hulle baie belangriker as tegniese terme, gekompliseerde teologie, 'n verbeeldingryke toekoms of emosionele vertoon. Hulle wil nie 'n komplekse uiteensetting van die liefde van God aanhoor nie, hulle wil prakties sien hoe die liefde in die praktyk uitgeleef kan word. Godsdiens moet relevant wees vir die hede, 'n verskil maak aan die situasie soos hy tans daar uitsien en ingestel wees op liggaamlike behoeftes soos honger, dors en moegheid. Indien hierdie behoeftes tasbaar aangespreek word, is die sintuiglike persoonlikheid se spiritualiteit aangespreek (Goldsmith & Wharton 1993:160-161; Goldsmith 1997:56-63).

Mense wat die voorsienigheidsprobleem vanuit 'n voorkeur vir die sintuiglike benader, is sterk ingestel op menslike medewerking. Die logiese inkonsekwensie in die voorsienigheidsleer is nie vir hulle relevant nie. Vir hulle lê die grootste probleem by die pyn en lyding van die hede. Daarom wil hulle nie die logiese inkonsekwensie regstel nie, maar tasbaar betrokke raak by die pyn en lyding in die wêreld. Gekompliseerde teologiese vraagstellings wat by 'n lessenaar geformuleer word, laat hulle koud. Daadwerklike betrokkenheid by noodlydendes staan vir hulle sentraal.

## 4.3 Die denkende spiritualiteit

Die denkende persoonlikhede wil die wêreld rondom hulle rasioneel uitklaar. Hulle is die mense wat teologiese vrae vra wat ander ongemaklik laat voel. Hulle rasionele ingesteldheid lyk soms vir ander persone na 'n akademiese vorm van ongeloof. Hulle wil die godsdienstige konstrukte kleinkry en sukkel om saam met die intuïtiewes opgewonde te raak oor verbeelding of saam met die sintuiglikes opgewonde te raak oor tasbare betrokkenheid in die werklikheid. Godsdiens is vir hierdie tipe spiritualiteit 'n saak van argumentering, logiese uitklaring en verstaan. Elke onderafdeling van ons geloofsleer moet op 'n rasionele noemer te staan kom en indien dit nie rasioneel deursigtig gemaak kan word nie, moet ons dit laat vaar. Hierdie tipe spiritualiteit is ingestel op logiese analise, kritiese denke en die ewige soektog na die waarheid. Dit beteken nie dat hierdie tipe spiritualiteit koel en afsydig staan teenoor die emosionele, tasbare of verbeeldingryke nie. Onthou dat dit hier oor voorkeur gaan. Die denkende spiritualiteit verkies gewoon om met die analitiese eerder as met die ander aspekte van die geloof besig te bly (Goldsmith & Wharton 1993:164-166; Goldsmith 1997:71-76).

Mense wat die voorsienigheidsprobleem vanuit 'n voorkeur vir die rasionele menslike funksie benader, stel die inkonsekwensie van die voorsienigheidsleer sentraal. Die voorsienigheidsprobleem moet logies uitgeklaar en opgelos word. Vir hulle kom die intuïtiewe klem op die toekoms en die sintuiglike klem op die praktyk op niks anders neer as 'n wegskram van die eintlike probleem nie. Daarom hou hulle hul besig met die logiese inkonsekwensie en soek hulle in die eerste plek 'n logiese uitweg uit hierdie inkonsekwensie.

## 4.4 Die gevoelsmatige spiritualiteit

'n Persoonlike verhouding met God en medemens staan sentraal in die gevoelsmatige spiritualiteit. Etiese optrede teenoor ander en 'n emosionele belewing van God is hierin uiters belangrik. Dit gaan nie soseer oor die verstaan van ons godsdiens as oor die voel daarvan nie. Gebedsgeleenthede, emosionele opwekkingsdienste en intieme betrokkenheid by mekaar is vir die gevoelsmatige spiritualiteit in die sentrum van sy belewenis van God. Hulle wil hulle geloof deel in 'n liefdevolle omgewing en die kerk moet vir hulle 'n familie wees waarbinne hulle kan wegkruip vir die harde werklikheid. Meditasie, intersessie, Bybelstudie en lofprysing is waaroor Godsdiens eintlik gaan en alle ander fasette van die samelewing hoort eindelik tuis by die wêreld (Goldsmith & Wharton 1993:160-161; Goldsmith 1997:56-63).

Mense wat die voorsienigheidsprobleem vanuit 'n voorkeur vir die menslike funksie van gevoel benader, glo alles, hoop alles en vertrou alles. Al sien hulle nie altyd nie en al verstaan hulle nie altyd nie, is dit vir hulle van meer belang om hulle geloof te ervaar op 'n emosionele vlak. Die intuïtiewe se toekomende koninkryksmodel is vir hulle te veel ingestel op die toekoms en te min op die hede. Die sintuiglike se praktiese medewerking is vir hulle te sterk ingestel op die aardse en te min op die geestelike. Die denkende se logiese konstruksies is vir hulle te sterk ingestel op die rasionele en te min op die emosionele. Vir hulle staan geloof sentraal, maar nie as 'n toekomende, vleeslike of rasionele saak nie. Geloof is 'n geestelike saak wat ingestel is op ervaring, gebed en lofprysing. Vir die gevoelsmatige staan dit vas dat so 'n geloof nie pyn, siekte, armoede of lyding sal ken nie en indien lyding wel voorkom, moet jy die oorsaak by 'n verkeerde geloof gaan soek.

## 5. DIE VERBAND TUSSEN VOORSIENIGHEID, PERSOONLIKHEID EN SPIRITUALITEIT

Wanneer die bespreking van die verskeidenheid van antwoorde op die voorsienigheidsprobleem met die verskeidenheid van persoonlikheidstipes en gevolglike spiritualiteit vergelyk word, is die ooreenkoms bykans lagwekkend. Ons het begin deur daarna te verwys dat die voorsienigheidsprobleem geen verstaanbare uitkoms bied nie. Daar is in die geskiedenis van teologie nog nie 'n enkele bevredigende antwoord op hierdie probleem gegee nie. Indien mens egter gaan kyk na die pogings wat vanuit verskillende teologiese modelle na vore kom om hierdie probleem te beantwoord, blyk dit dat ons eie persoonlikheidsvoorkeure 'n sterker rol in ons antwoorde bied as wat mens sou vermoed.

Om te kan staan by die klassieke gereformeerde formulering wat Calvyn vir ons bied, moet 'n mens 'n sterk intuïtiewe persoonlikheid hê. Dit sal beteken dat 'n mens nie te veel aandag skenk aan die huidige skadukante van die werklikheid nie, maar eerder ingestel moet wees op die moontlikhede wat die toekomstige koninkryk bied. Dit sou beteken dat 'n mens nie te veel moet let op die detail van individuele pyn en lyding nie, maar ingestel is op die gedagte dat die geheelbeeld, oor tyd gesien, die hand van God duidelik demonstreer.

Om te kan staan by 'n charismatiese voorspoedsteologie, moet 'n mens 'n sterk gevoelsmatige persoonlikheid hê. Dit sou beteken dat 'n mens nie te rasioneel oor die wêreld moet dink nie, want die gegewens wys tog duidelik dat slegte dinge ook dikwels met gelowiges gebeur. Dit sou verder

beteken dat 'n mens nie te sterk ingestel kan wees op die tasbare hier en nou nie, maar dat 'n mens gewoon besig moet wees om God se albestuur te besing terwyl 'n mens by tye weinig daarvan in die werklikheid raaksien.

Om te kan staan by 'n moderne formulering soos ons dit by Berkhof en Kuitert terugvind, sal 'n mens 'n sterk denkende persoonlikheid moet hê. Dit sou behels dat 'n mens nie skroom om tradisionele waarhede prys te gee ter wille van 'n verstaanbare nuwe model nie. Dit sou ook beteken dat 'n mens nie so sterk ingestel is op die kosbare geloof van ander wat 'n mens in jou rasionele model plattrap nie, maar daarop ingestel is om by 'n mooi sluitende argument uit te kom.

Om vanuit die bevrydingsteologie na die voorsienigheidsprobleem te kyk, sou beteken dat 'n mens sterk sintuiglik ingestel moet wees. Vir die sintuiglike persoon is die tasbare nood, hongersnood en politieke verdrukking van die hede 'n wesenlike probleem. Die gekompliseerde teologiese denkmodelle van die tradisie, die rasionele modelle van die moderne teologie en die spiritualisme van die charismatiese beweging, is vir die sintuiglike persoon nie naastenby so ernstig soos die feit dat die kerk tasbaar moet betrokke raak in die probleme van hier en nou nie.

## 6. DIE PERSOONLIKHEID VAN JESUS CHRISTUS

Ons het gesien dat antwoorde op die probleem van die voorsienigheid telkens gerym kan word met 'n bepaalde persoonlikheid en gevolglike spiritualiteit. Dit is gebruiklik om tog te vra wat die Bybel vir ons in dié verband leer. Die probleem is egter dat al bogenoemde antwoorde hul eie stel Skrifberoepe maak. In hierdie artikel wil ek die saak vir 'n moment vanuit 'n ander hoek beredeneer. Indien persoonlikheid, spiritualiteit en antwoorde op bogenoemde probleem met mekaar in verband staan, kan ons met reg vra na die persoonlikheid van Christus. Hy is tog by uitstek ons Voorbeeld wat vir ons rigting moet gee in enige vraag of probleem. Goldsmith vra in dié verband ook na die spiritualiteit van Christus (1997:97-107). Dit is natuurlik 'n vraag of 'n mens Christus se persoonlikheidstipe uit die Evangelies kan aflei. Ons bevind ons hier op die terrein van die Historiese Jesus-vraagstuk. Omdat hierdie vraagstuk egter meer vrae as antwoorde oproep, is enige afleiding oor Jesus se spiritualiteitstipe besonder spekulatief. Met hierdie probleem in gedagte kom Goldsmith tog tot die gevolgtrekking dat Christus volgens die getuienis van die Evangelies, ewe sterk in al vier kwadrante van spiritualiteit gefunksioneer het. Almal van ons beskik, soos reeds gesê, oor al vier die menslike funksies. Ons verskille word bepaal deur die volgorde

van ons voorkeur vir die vier menslike funksies. Goldsmith reken egter dat Jesus, volgens die getuienis van die Evangelies, nie so 'n voorkeur gehad het nie. Hy het ewe maklik vanuit al vier funksies opgetree en dus het Hy ewe maklik in al vier kwadrante van spiritualiteit gefunksioneer. Enkele voorbeelde uit die Evangelieverhale ondersteun hierdie aanname.

Die sintuiglike persoonlikheid en gevolglike spiritualiteit is ingestel op die hede en op dit wat sigbaar, tasbaar en hoorbaar is. Volgens Lukas 19 merk Jesus Saggeus op terwyl hy in 'n boom skuil. Volgens Johannes 1 merk Jesus vir Natanael op waar hy onder 'n vyeboom staan. Volgens Markus 5 merk Jesus wanneer 'n vrou aan sy klere raak en volgens Lukas 12 sien Jesus die kraaie, die lelies van die veld, gras en mossies fyn raak. Jesus het opgemerk wanneer die skare honger was, Hy het die armes en die kreupeles nie misgekyk nie. Hy was ingestel op die blindes, die weduwees en die kindertjies. Hy sien nood, pyn en lyding in die hede raak waarna Hy daadwerklik ingryp in die aardse behoeftes van klein en onbelangrike mense rondom hom. Dit alles is duidelike tekens van 'n sintuiglike voorkeur. Vir die voorsienigheidsleer het dit ook direkte implikasies. Die bevrydingsteoloë lê juis op tekste soos hierdie klem wanneer hulle wil aantoon dat Jesus nooit by die nood van die hede verbygegaan het nie.

Die intuïtiewe persoonlikheid en gevolglike spiritualiteit is ingestel op die geheelbeeld en die toekoms. Mense met hierdie tipe spiritualiteit sien nie die detail van die hede raak nie, maar sien die totale moontlikhede van die toekoms waarop ons hoop. Hulle het die vermoë om die dieper betekenis van die geheel tussen die lyne te lees terwyl ander verstrik raak in opsigtelike detail. Volgens Matteus 13 haal Jesus uit Jesaja 6 aan om aan te toon dat die mense van sy tyd kan sien, maar nie sien nie, kan hoor, maar nie hoor nie. Hulle is in staat om te sien en te hoor, maar hulle verstaan nie. Hulle lees nie tussen die lyne nie en daarom begryp hulle nie. Dwarsdeur die Evangelies verwys Jesus na die komende koninkryk wat die geheel omvat, maar wat nie sigbaar, verstaanbaar of tasbaar is nie. In Markus 10 vertel Jesus dat die koninkryk vir kindertjies bedoel is wat nie verstaan nie en tog aanvaar, vir arm mense wat vertrou op dit wat hulle nie het nie, terwyl rykes dit moeilik sal aanvaar. In Lukas 8:10 sê Jesus vir sy dissipels dat hulle die geheimenisse van die koninkryk verstaan terwyl die ander kyk sonder om te sien en hoor sonder om te verstaan. Vanuit Markus 10:18 is dit duidelik dat Jesus nie die goedheid van God bevraagteken nie en vanuit Matteus 10:29-30 is dit duidelik dat Jesus na die alvoorsiening van God verwys sonder bedenkinge. Hy verwys dus na God se goedheid en sy almag sonder dat Hy die pyn en nood van die wêreld miskyk. Dit alles is net moontlik vanuit 'n intuïtiewe voorkeur. Die voorsienigheidsleer soos ons

dit by die klassieke gereformeerdes terugvind is dus ook heel in lyn met die lering van Jesus Christus.

Die denkende persoonlikheid en gevolglike spiritualiteit is ingestel op dit wat logies sin maak en rasioneel uitgeklaar kan word. Hierdie tipe persoonlikheid is geneig om minder op mense en meer op dit wat reg is en wat verstaanbaar is, ingestel te wees. Vir 'n rasionele spiritualiteit is godsdiens in die eerste plek 'n teologiese aangeleentheid waarbinne dit wat geglo word, ook rasioneel deursigtig moet wees. In Lukas 2 lees ons die bekende verhaal van Jesus as twaalfjarige kind. In hierdie gedeelte is Hy in gesprek met die geleerdes en almal was verbaas oor sy insig. Vir sy ouers, wat oor Hom bekommerd was, vra Hy heel kalm of hulle dan nie geweet het dat Hy in die huis van sy Vader moet wees nie. Dit is die tipiese optrede van die denkende persoonlikheid wat amper "ongevoelige" dinge kan sê wanneer rasionele sake hanteer moet word. Dieselfde bykans "ongevoelige" optrede vind ons in Matteus 12, wanneer iemand vir Jesus sê dat sy moeder en broers buite vir Hom staan en wag. Hy reageer deur te sê dat almal wat die wil van sy Vader doen, sy moeder en sy broers is. In Lukas 9 vra iemand Hom of hy net eers sy familie kan gaan groet voor hy Hom volg. Jesus reageer dat iemand wat omkyk na agter terwyl hy ploeg, nie geskik is vir die koninkryk van God nie. In Lukas 21 wys Jesus daarop dat een wat in die koninkryk volhard, dikwels sy vriende en sy familie sal verloor. Hierdie voorbeelde wys op 'n persoonlikheid wat sterk ingestel is op die waarheid en die "regte" manier van doen. Vir 'n rasionele persoonlikheid is emosies minder belangrik wanneer jy besig is met die ware saak waaroor dit gaan.

Die emosionele persoonlikheid en gevolglike spiritualiteit is ingestel op die eie en op ander se gevoelens, ingestel op vrede tussen mense. Vir hierdie tipe persoonlikheid kry persoonlike verhoudings voorkeur bo die bestaande orde of dit wat sosiaal aanvaarbaar en korrek is. Die Evangelies is vol getuienis dat Jesus sterk klem gelê het op persoonlike verhoudings. Hy is die groot Vredemaker, die een wat teen die sosiale orde gemeng het met prostitute, tollenaars en Samaritane omdat sy hart na hulle uit gegaan het. Dat Jesus dus ook duidelik binne die voorkeur van die emosionele persoonlikheid gefunksioneer het, vereis geen betoog nie.

## 7. 'N VIER-KANTIGE VOORSIENIGHEIDSLEER

In die lig van die bespreking hierbo kan daar nog met reg gevra word na die "korrekte" antwoord op die probleem in die voorsienigheidsleer. Dié artikel wil suggereer dat 'n "korrekte" antwoord eerder in die verskeidenheid as by 'n bepaalde model te vind is. Indien Jesus ewe sterk in al vier die

spiritualiteitskwadrante gefunksioneer het, moet ons die antwoord op die voorsienigheidsprobleem waarskynlik vanuit al vier kwadrante benader. Enkele riglyne kan in dié verband vir ons help in die rigting van so 'n voorsienigheidsleer.

- Vanuit die intuïtiewe kwadrant sal ons moet toegee dat die klassieke gereformeerde voorsienigheidsleer gelyk het. Die Bybel getuig dat God goed is en dat Hy tot alles in staat is. Die Bybel ken egter ook die skadukante van die werklikheid. Op geen moment word hierdie teenstrydigheid egter tot so 'n mate geproblematiseer dat óf God se goedheid óf sy mag bevraagteken word nie. Die klassieke gereformeerde model sluit by hierdie ongeproblematiseerde standpunt van die Bybel aan. Heel dikwels lei die Bybel ons tot logiese inkonsekwensies, maar vanuit ons intuïtiewe funksie kan ons aanvaar wanneer die Bybel op die toekoms en op die geheelbeeld konsentreer. Ons hoef alles nie te verstaan nie en ons kan alles nie deursigtig maak nie. In lyn met die Skrif moet ons soms net aanvoel dat God tog die algoeie en die almagtige is, én dit met hart en siel bely.
- Vanuit die sintuiglike kwadrant sal ons moet toegee dat 'n gelate aanvaarding van 'n logiese inkonsekwentheid nie beteken dat ons die skadukante van die werklikheid gelate moet aanvaar nie. In plaas daarvan om altyd op die ortodoksie te konsentreer, sal die kerk ook aandag moet gee aan die ortopraksie. Gelowiges moet ook let op die pyn en lyding van die hier en nou én daadwerklik daarby betrokke raak. Hierin is Christus beslis vir ons tot voorbeeld. Hy het nie net vir die skares gepreek oor die toekoms nie; Hy het hulle ook gevoed in die hede.
- Vanuit die denkende kwadrant sal ons moet toegee dat die voorsienigheidsleer ons voor ernstige logiese probleme te staan bring. Ons sal ook begrip moet hê vir teoloë wat hierdie logiese probleme probeer uitklaar. Ons geloof kan nie altyd wegkruip agter die ghettosprong van glo wat jy weet nie waar is nie. Teoloë wat hulle besighou vanuit die denkende kwadrant, sal altyd vrae vra wat ons ongemaklik laat voel, maar dit is noodsaaklike vrae waarmee ons ons ook moet besighou. Leer die Skrif werklik dat God elke fynste detail vooruit bepaal het? Is God werklik tot so 'n mate Almagtig dat die mens eintlik net 'n marionet in sy poppeteater is? Moet ons nie die almag van God so effens minder sterk stel nie? Is God werklik goed op die manier wat ons dit verstaan? Is dit wat vir Hom goed is nie soms iets wat vir ons minder goed lyk nie? Moet ons nie ons belydenis oor God se goedheid so 'n bietjie genuanseerd stel nie? Dit is ongemaklike vrae, maar vrae wat tog by gelowiges opkom en waarmee ons ons tog moet besig hou.

- Vanuit die emosionele kwadrant sal ons moet toegee dat 'n oordrewe klem op die toekoms, die aardse en die denkende kwadrante alleen, ons soms net tot ongeloof kan lei. 'n Persoonlike verhouding met God en medemens maak tog die kern van ons geloof uit. Dit sou beteken dat ons miskien meer dikwels moet vertrou dat God ook vir ons in die hede wil seën. Dat ons by die skadukante van die hier en nou ook maar by tye kan vra of ons persoonlike verhoudings met God en medemens in orde is. 'n Oordrewe klem op die geestelike, die bonatuurlike, die wondermatige en die emosionele is 'n fout, maar neig ons nie soms daarna om oor te hel na 'n negatiwiteit teenoor hierdie sake nie? Is 'n onderbeklemtoning van die wondermatige, bonatuurlike en emosionele nie net so 'n groot fout as 'n oorbeklemtoning daarvan nie? Die Bybel leer tog nie net dat God ons in die toekoms sal seën nie. Is teenspoedsteologie meer Bybels as voorspoedsteologie? Ook hier sal ons moet kyk na winspunte vir 'n meer gebalanseerde voorsienigheidsleer.

## 8. SLOTGEDAGTE

Enkele slotopmerkings blyk belangrik te wees by hierdie artikel. Eerstens val dit op dat persoonlikheidstipe maar net een moontlike aspek is om te verreken by die verskeidenheid van teologiese modelle. Natuurlik speel konteks, teologiese denkraamwerk, filosofiese uitgangspunt en die tyd waarbinne bepaalde teologiese modelle funksioneer, 'n ewe belangrike rol. Dit was egter die doel van hierdie artikel om, miskien effens simplisties, vir 'n slag net na die invloed van persoonlikheid op teologiese modelle te gaan kyk. Tweedens het dit in ons tyd mode geword om teologiese modelle, ewe simplisties, te kategoriseer aan die hand van tydskategorieë, naamlik pre-modern, modern en postmodern (Du Toit 2000:13-61). Hierdie artikel vra bloot die vraag of daar nie meer agter die verskeidenheid van teologiese modelle sit nie. Derdens kan 'n mens nie nalaat om te noem dat die MBTI mense in sestien verskillende kategorieë indeel nie. Daar is dus ook verdere verskeidenheid binne die verskeidenheid van persoonlikhede wat hier genoem is. Hierdie artikel vra bloot dat daar ook in hierdie rigting gekyk moet word.

# BIBLIOGRAFIE

BERKHOF H
1973. *Christelijk geloof*. Nijkerk: Callenbach.

CALVYN J
1984. *Institusie van die Christelike godsdiens*. I. Vertaling: Simpson, H.W. Potchefstroom: CJBF.

DURAND J J F
1982. *Skepping, mens, voorsienigheid; wegwysers in die dogmatiek*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

DU TOIT B
2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Bloemfontein: CLF.

FLOOR L
1993. De spiritualiteit van de charismatici. In: Van't Spijker *et al*., *Spiritualiteit*. Kampen: De Groot Goudriaan.

GOLDSMITH M
1997. *Knowing me, knowing God; exploring your spirituality with Myers-Briggs*. Nashville: Abingdon.

GOLDSMITH M & WHARTON M
1993. *Knowing me, knowing you; exploring personality type and temperament*. London: SPCK.

GUTIÉRREZ G
2001. *A theology of liberation*. New York: SCM Press.

HERON A I C
1980. *A century of Protestant theology*. Philadelphia: Westminster.

KÖNIG A
2002. *God, waarom lyk die wêreld so? Kan ons sê: "God is in beheer"?* Wellington: Lux Verbi.BM.

KROEGER O & THUESEN J M
1988. *Typetalk, the 16 personality types that determine how we live, love and work*. New York: Dell Publishing.

KUITERT H M
1992. *Het algemeen betwijfeld Christelijk geloof*. Baarn: Ten Have.

MACARTHUR J F
1992. *Charismatic chaos.* Michigan: Zondervan.

MOLLER A T
1987. *Persoonlikheid-Sielkunde*. Durban: Butterworth.

POTGIETER P C
1998. Diktaat in dogmatiek. Deel 2. Bloemfontein: UOVS.

THERON J
1998. Charismatic theology. In: Maimela & König, *Intiation into theology*. Pretoria: Van Schaik.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| Dogmatiek | Systematic Theology |
| Voorsienigheid | Providence |
| Persoonlikheid | Personality |
| Spiritualiteit | Spirituality |